

LENTEUITGAWE
OKTOBER
2025

Dias Nuus

Nuusblad van N.G. Gemeente Dias



Die Avondmaal 2025 - Kuswag



"Die mens sal nie van brood alleen leef nie, maar van die Woord van God"

Hierdie jaar is Paasfees op 'n uiters besondere wyse gevier in ons gemeente. Op Goeie Vrydag 18 April 2025, teen laatmiddag, het die hele gemeente, kinders, kleinkinders, familieledes, gaste en vakansiegangers letterlik saam met Jesus en sy dissipels aan tafel gesit, saam gesing en saam geëet. Wat 'n ongelooflike belewenis! Ons siele is gevoed en ons gees is verkwik . . .

[Lees gerus meer op bladsye 6, 7 & 8 hiervan asook op bladsy 2 oor die voorbereiding]




a lot can happen in a week



Staatmaker Joyce en haar Kuswagspan help plaasskuur skoontmaak en bak 360 roosterkoekie vir die sop!



Kreatief aan die werk: muurskette en kielbekertjies in wording . . .



Die laaste week of wat voor die Avondmaal, word daar HARD & YWERIG gewerk en voorberei . . .

ALMAL spring IN !!!

Die Kuswag plaasskuur word ontruim en skoongemaak: daar word gevee, gemeet, mure versier, spykers ingeslaan vir kerskandelare, die bo-kamer word "gebou", tafels en stoele ingedra, weer gemeet, matte en lappe drapeer, tafels gedek, brode gebak, lensiesop en konfyt gekook, dadelblokkies gemaak, vars produkte opgesny en in sakkies verseël . . . houtplanke met die Avondmaal embleem op (handgemaak en geskenk), groen tafeluikers, tafelnommers en -name, tafelprogramme, ± 400 erde wynbekertjies word gedraai (en geskenk) deur 'n plaaslike pottelbakkersvriend, 'n bo- en onderkleed word geknip en gestik vir elke dissipel, woorde en liedere geleer . . . met baie entoesiasme en opwinding!



Claret en die Décorspan !



Die Dadelblokkiespan

Nellie en span in beheer van die Sopstasie !



Namens Dias Gemeente, 'n GROOT-UIT-DIE-HART-UIT-DANKIE vir:

- ♥ Elke donasie en skenking — hetsy dit kaas, konfyt, olywe, houtborde, erdebekertjies, nagmaalwyn, kontant of wat ookal was!
- ♥ Elke helper, elke deelnemer, elke gasvrou, elke gas, elke hart vol liefde!
- ♥ Hennie & Irma Venter en Kuswagfamilie & -werkers : Julle is almal STERRE !

Opregte waardering . . .





Van die Redaksie

Ek glo dat al ons Dias Nuus lesers besef hoe bevoorreg ons is om in hierdie mooi deel van ons land te kan bly of vakansie hou. Die beskrywings "Sunshine Coast" en "Barefoot Capital" is so gepas vir ons omgewing. Die pragtige natuur met sy gematigde temperature maak dat ek elke dag myself daaraan moet herinner hoe spesiaal dit is om my seniorburgerjare hier te kan deurbring. Daar is soveel om voor dankbaar te wees, waarvan goeie gesondheid seker een van die belangrikste seëninge is.

Al is dit nog Augustus en effens koel terwyl ek hier skryf, is die tekens van lente reeds oral sigbaar. Tog kom daar, om verskillende redes, tye waarin ons nie opgewonde kan raak oor die mooi om ons nie. Daarom deel ek dié aangrypende gebed wat ek onlangs gehoor het:

*Gees van die lewende God,
wees die Tuinier van my siel.
Hoe lank wag ek nou op U – stil –
in 'n koue winter van my siel.
Maar nou, in die kragtige naam van
Jesus Christus, waag ek om U te smee:*

*Hark weg die dooie blare van die verlede.
Vergruis die harde kluite van my
weerbarstige gewoontes en groewe.
Werk diep in my in, die ryk kompos
van nuwe visie en vreugde.*

*Plant diep in my siel
U lewegewende Woord.
Versorg, gee water, koester my hart . . .
totdat die nuwe lewe in my ontkiem,
groeï en blom.*

Amen

[Richard Foster]

Mag ons elke dag lewe as geseënde en dankbare mense, ondanks donker wolke wat soms oor ons lewenspad verskyn.



Groete

Esmé Bergh



Die Venters se 10-jaarpad
met Dias Gemeente . . .



'n
Terugblik
op
10 jaar



Sola Gratia is een van my gunsteling Latynse uitdrukkings.

Dit beteken: "Genade alleen." En dit som die afgelope tien jaar vir my mooi op.

As gesin het ons hier beland deur God se raad en leiding. Ek onthou nog goed hoe ons destyds die pad aangepak het vanaf die Vrystaat en hier, in hierdie lowergroen wêreld, weer van voor af moes wortelskiet.

Soms was die grond hard en selfs klipperig, maar die genade het altyd op die regte tyd gereën. Dan word die grond sagter en die wortels kan dieper groei.

Wanneer ek terugdink aan my tien jaar in Dias Gemeente, word my hart warm – soos die Emmausgangers s'n. Want hier het ek God se teenwoordigheid op maniere beleef, waarvan ek voorheen nie eers bewus was nie.

Ek het Hom al hoe meer leer ken in die erediens, in dissipelskapgroepe, in stilte – selfs in vergaderings! En ek het Hom telkens ontdek in julle teenwoordigheid.

Dit is genade alleen - *Sola Gratia*.

Wikus Venter



Ons vier 10 jaar saam met ds. Wikus & Zanel . . .

Alle dank en lof aan die Here, want hier is ons 10 jaar later saam met ds. Wikus as ons leraar en sy gesin. Dit voel amper soos 'n huweliks-herdenking – ek weet nou net nie wié dit met wié uitgehou het nie – óns met hulle of hulle met ons nie? Maar alle grappies op 'n stokkie... Ons is ongelooflik dankbaar vir die 10 jaar wat hulle al deel van ons gemeente is.

Tien jaar gelede met hul inhuldiging in 2015, was dit 'n yskoue dag en die wind het gewaai. Ons het 'n groot tent langs die kerk in Boesmans opgeslaan om genoeg plek te maak vir almal wat sou kom om die nuwe predikantspaar welkom te heet. Ons het so tong in die kies gewonder of hulle gedink het hul het by 'n charismatiese kerk beland of dalk by 'n outydse nagmaal, waar mense nog om die kerk vir 'n hele naweek tent opgeslaan het.

Maar binne-in die tent het Claret en haar span dit in 'n pragtige tuin omskep. Die vrouens het die lekkerste kos gemaak en almal wou net help om hulle so welkom as moontlik te laat voel.

Die kerk het letterlik uit sy nate gebars en ek onthou iemand het nog gesê: *“Die dominee moet dit maar geniet, want hy gaan die kerk nie gou weer só vol sien nie!”*

Daardie dag is gesê dat hulle in die gemeente, in elkeen van ons se lewens wil inbou en dit kan ons vandag met dankbaarheid sê, het hul wel gedoen.

Een van die grootste hoogtepunte in hul lewens kon ons as gemeente saam met hulle beleef en vier: toe hul vir Daniël en Emma gekry het. Ons



was saam met hulle bly en dankbaar. Die Venterprentjie het al hoe meer soos 'n gesin – soos voltooid begin lyk.

Daar was soveel hoogtepunte en ds. Wikus het regtig ons kerk se prediking, se administrasie en bestuur tot groot nuwe hoogtes geneem en daarvoor is ons baie dankbaar.

Op 'n persoonlike vlak wil ek graag dankie sê dat hy lidmate aangemoedig het om die predikingskursus te doen en my toegelaat het om te preek, al was sy krit meer vol rooi strepies as wat ek ooit in 'n opstel in die skool aan 'n arme kind sou doen!

Ek kon hom darem terugkry om hom met die Paasspel, in die rol van Jesus in te boelie. Met sy kalm, bedaarde aanslag en integriteit het hy die rol so geloofwaardig vertolk, al weet ons dis nie sy gemaksone nie – maar hy moenie eers dink hy gaan hom gou uit daai Bybelse rol en rok uitwikkel nie.

Baie dankie vir al jou entoesiasme en ondersteuning met die Kersen Paasspel in die gemeente, ds. Wikus!

Die 10 jaar was alles ook nie net maanskyn en rose nie.

Daar was moeilike tye en moeilike besluite, maar ds. Wikus het al hierdie dinge met standvastigheid, vertroue, integriteit en stabiliteit hanteer en deur dit alles vasgehou aan: ‘God se naam, God se wil en God se koninkryk’.

Hy skryf elke kwartaal vir ons sulke mooi en inspirerende briewe en wanneer ons dit lees, voel dit asof ons lekker saam koffie drink en kry ons 'n kykie in sy hart en sy visie vir ons gemeente.

As ons op die eerste dag 10 jaar gelede vir hulle 'n verwelkomingsbriefie moes skryf, sou ons seer sekerlik begin het met: “Hooggeagte leraar - Ds. Venter en mevrou dominee” ...





Gelukkig kan ons nou, na die 10 jaar, ons waarderingsbriefie begin met: “Liefste Wikus en Zanel”, want ons het hulle leer ken en ons het hulle leer lief kry.

Ons weet Zanel is ’n formidabele prokureur en trap letterlik en figuurlik diep spore in die gemeenskap van Port Alfred. Sy is voorwaar ’n vrou om op trots te wees. Ons waardeer ook die rol wat sy in die gemeente vervul.

Wikus, op sy beurt, hou van tennis, koffie, tee, rooiwijn en strokiesprente en geskrifte van filosowe soos Henri Nouwen en musiek. Miskien nou nie noodwendig in daardie volgorde nie. 😊

Maar bo-alles en heel eerste, is hy lief vir Jesus en dit sien ons elke dag in alles wat hy doen.

Ds. Wikus sê mos altyd ons kan nie sy preke onthou nie, maar ek wil graag die vers van sy intrepreek uit 1 Korinthiers 1 vers 1 aanhaal:

“Toe ek na julle toe gekom het om die geheimenisvolle waarheid van God aan julle te verkondig, het ek nie met hoë woorde of groot geleerdheid gekom nie. Ek het my voorgeneem om met julle oor niks anders te praat nie as Jesus Christus, en wel oor hom as die gekruisigde!”

Na ’n dekade kan ons as gemeente getuig dat dit presies is wat hy gedoen het.

Hy het vir ons Jesus op die grond kom neersit en iets van sy evangelie vir ons kom waar maak.

Dit is in die laaste jaar versterk met sy voorloop op die pad van dissipelskap. Hy leer ons leef in die voetspore van ons Verlosser — om Jesus soos ’n dissipel te volg. So naby dat die stof van sy sandale op ons val.

As taalmens, geniet ek baie van sy beeldspraak, die metafore en vergelykings en allitererende klanke.

Geneem, geseën, gebreek, gegee! ... en ook Gekies, gewas, gestuur!

Ons onthou van glassplinters op ons tonge en van dun plekke waar ’n mens nader aan God voel en Hom op ’n buitengewone manier beleef in sy omgekeerde koninkryk.

Ons het geleer van ons nuwe identiteit — in die woorde dan van Henri Nouwen:

“Ons is God se geliefdes!”

In sy laaste nuusbrieff wonder hy oor waar hulle oor nog 10 jaar gaan wees . . .

Toe hulle hier aangekom het, het Zanel gesê dat hulle in Kroonstad saam ’n dagstukkies gelees het en daarin het gestaan: “Dit is tyd vir verandering” en dat dit die begin was van God se fluistering dat hulle ’n verandering sou maak, wat sou uitloop op hul skuif na die gemeente van Dias.

Boodskap aan Zanel: “Vir die volgende 10 jaar, asseblief tog — geen dagstukkiesery nie!”

Met Pinkstersondag preek ds. Wikus dat ons ’n partytjiekkerk moet wees.

So, met hierdie tiende herdenking, het ons dus heerlik saam met die Venters partytjie gehou.

Baie dankie aan die kerkkantoorpersoneel en almal wat ’n bydrae gelewer het tot hierdie vreugdefees wat ons kon vier op Sondag 29 Junie 2025, om vir hulle dankie te sê en te wys hoe lief ons vir hulle is en hoe dankbaar ons is dat hulle ons in hierdie gemeente lei.

Irma Venter (namens die hele Dias Gemeente)



(Ds. Wikus ontvang wynglase met die kerk se embleem en ook iets om daarin te skink. Zanel kry ’n pragtige blomplant en die kinders kry elkeen ’n verrassingspakkie. Wat is ’n partytjie nou sonder geskenke?)

* SIEN MEER FOTO’S OP BLADSY 19 . . .



'n TERUGBLIK . . .



DIE AVONDMAAL 2025

OP KUSWAG PLAAS



Hierdie jaar het ons hele lydenstyd gefokus op die tema van Jesus wat saam met mense eet.

Daarom het ons begin om planne te beraam om Jesus se laaste Avondmaal te gedenk deur op Goeie Vrydag as gemeente en gemeenskap saam te eet en sy lyding te herdenk.

Dit was makliker gesê as gedaan, want die kerkgebou was nie geskik om so 'n ete aan te bied nie en nêrens was 'n groot genoeg saal om plus minus 400 mense, wat gewoonlik die Paasspel bywoon, te huisves nie. Gelukkig het ons vantevore al 'n Kersspel in die skuur op Kuswag gehou en toe ons begin meet en pas en die tafels en stoele op skaal begin uitteken, het ons gesien dat die skuur definitief groot genoeg sou wees. Maar soos altyd sou dit met 'n hele paar uitdagings gepaard gaan.

Ons het 'n baie beperkte begroting gehad en ons wou baie mense kos gee – so dit was die eerste uitdaging. Nou goed, dan sal ons kaartjies verkoop. Ons moes dit in elk geval doen om naastenby die getalle te bepaal van wie dit sou bywoon. Maar hoeveel gaan ons nou vra? Wel, dit was 'n gestryery wat gewissel het van R5 tot R250, totdat ds. Wikus sy voet neergesit het en gesê het: “*Niks meer as R20 nie! Almal wat wou, moes kon kom en geld mag nie die struikelblok wees nie*”. Ons het hom uiteindelik darem opgestry tot by R30 – wat 'n oorwinning 😊!

Maar nou is dit tyd vir die getuienis . . .

Die Here het ons waarlik vooruitgegaan.

Ons kan nie ophou getuig van hoe elke deur net vir ons oopgegaan het nie. Hoe elke mens wat vir iets gevra is, net dadelik JA gesê en dit met entoesiasme en 'n glimlag gedoen het nie. Ons het soveel skenkings gekry dat ons eintlik skaam begin voel het.

Toe ons gasvrouens begin soek om die tafels te beman, het die middelblok van die kerk met die eerste vergadering propvol gesit. En sommer hier aan julle almal: die grootste DANKIE! Dit was 'n plesier en 'n voorreg om met elkeen van julle saam te kon werk. Die skuur is omskep in 'n prentjie van 'n outydse, kersverligte, Bybelse bokamer en daar was baie brood en baie wyn.

Jesus en sy twaalf dissipels en Maria Magdalena het ons harte en siele aangeraak met hulle voorstelling en vertolking van die gebeure van die aand by die Avondmaal. So gewillig en getrou om ook op hierdie manier die Evangelie te verkondig. Ons is dankbaar vir elke een van julle.

Dit was voorwaar 'n spanpoging van die hele gemeente en gemeenskap en ons gaan niemand spesiaal bedank nie, want ons is te bang ons laat iemand uit. Maar ek dink die seën wat ons almal uit hierdie aand ontvang het, laat ons harte oorloop van dankbaarheid.

Die begroting het soos 'n wonderwerk geklop en ons het soos met die brode en vissies nog geld oorgehad. Ongeveer 360 mense het die aand bygewoon en kon vir 'n oomblik iets beleef van om saam met Jesus aan tafel te sit.

En nou kan ons net aan elkeen sê:

***The Lord bless you and keep you
Make His face shine upon you and be gracious to you
The Lord turn His face toward you and give you peace
Amen***

[Uit: *The Blessing*]

- Irma Venter -





AVONDMAAL TERUGVOER : BRIEWE VAN GASTE / BESOEKERS . . .

Om saam te kon aansit by Jesus se Avondmaal

Ons stap die plaasskuur op Kuswag binne. Dis 'n miernes van bedrywigheide en so stap-stap, kuier-kuier ons tot by ons tafel waar ons gasvroue ons ontvang. Drukkies, glimlagte, warm verwelkoming en heerlike weersiens. Ons kuier mos maar so nou en dan weer in ons "ou gemeente" sedert ons in 2021 na Jeffreysbaai verhuis het.

Die honderde kerse wat oral brand, skep 'n rustige atmosfeer. Ons loer skelmpies onder die doek op die tafel en sien die keurig uitgepakte houtbord – brood, botter, vrugte, groente, neute, vyekonfy. Maar nou eers wag, want Jesus en sy dissipels moet eers aankom.

Irma neem die mikrofoon en verduidelik hoe die aand gaan verloop. Die program op die tafels verduidelik die onderafdelings en telkens sou 'n klokke lui om aan te dui dat die volgende deel van die maaltyd aangebreek het.

"Eet die brood, drink die wyn ..." Jesus en sy dissipels is hier! Hulle sing en ons sing saam. En dit is net mooi hier waar ek besef: ons is ook uitgenooi om aan dieselfde tafel as Jesus se dissipels aan te sit! Wat 'n belewenis!

Ons word toeskouers van hoe dit meer as 2000 jaar gelede by daardie laaste Pasga afgespeel het.

Lensiesop en 'n broodjie – die voorgereg ...

Die klokke lui. Nou luister ons weer. Die teks is noukeurig geskryf en ons leer die dissipels om die tafel ken.

Sheila Cussons se gedig "Die Verheerliking", bring ons tot stilstand en stukkie vir stukkie speel die gebeure van daardie aand voor ons oë af. Maar meer nog . . . ons word deel van daardie aand! Dis asof Jesus ook by my kom stilstaan om my voete te was. Die klokke lui.

Ons eet saam ...

Soos die gasvroue sekerlik ook 2000 jaar gelede die maaltyd voorberei het, kon ons nou met mekaar die feestafel deel. Ons kuier, gesels en smul aan al die lekkernye. Dis mos soos dit hoort wanneer ons saam eet! En sekerlik het die dissipels daardie aand ook nie regtig geweet wat op hulle wag nie!

Weer lui die klokke.

Die laaste Pasga ...

Nou begin ons besef iets is anders ... Ons luister na "Lied van Petrus" (Stef Bos, aangepas), word mee-geleus in die atmosfeer en my hart klop in my keel toe Judas die tafel verlaat. Saam met die dissipels wonder ek ook wat Jesus se woorde nou eintlik beteken. Op die tafels is daar vir elkeen 'n klein erdebekertjie waarin ons wyn geskink word en ons kry 'n stukkie nagmaalbrood. Jesus praat met ons oor die brood wat gebreek word en die bloed wat gaan vloei en ons gebruik die tekens en stadigaan word ons herinner aan dit waaroor dit werklik gegaan het.

W.E.G. Louw se "Avondmaal" en "Panis Angelicus" en Maria se woorde laat ons stil word.

'n Dadelblokkie ...

Die ete is verby. Die dadelblokkie is soet op my tong en ek is net weer diep dankbaar! Dankie vir daardie laaste Pasga. Dankie dat Jesus die beker uitgedrink het. Dankie dat ek ook verlos kan wees!

Ons stap uit met groot dankbaarheid, ook vir 'n gemeente soos Dias, wat elke jaar vir die lidmate, vakansiegangers en besoekers help om die ware betekenis van Paasfees te herdenk.

Dankie vir elkeen wat iets moes voorberei, vir die gasvroue, die "baas van die plaas" (en sy vrou!). Dankie vir "Jesus en die dissipels" en dankie vir die kosbare bruin erdebekertjies met die kruis op, wat nou in my kombuis 'n ereplek gekry het!

Samuel en Logy Murray

(Oud-gemeentelede, nou woonagtig in Jeffreysbaai)



LAASTE AVONDMAAL

KLOKKIE LUI!

- 19:00 VERWELKOMING -
Lied 303: Eet die brood
(Almal sing die laaste vers agterop die program saam)
- 'N BOVERTREK WORD GEREED GEMAAK -
- WIE IS HIERDIE TWAALF? -
- AVONDMAAL: Lensiesop & broodjies word bedien
- **VISSERMANNE, TOLLENAARS & SONDAARS** -
"Die Verheerliking" - Sheila Cussons
AVONDMAAL: Ete word in gereedheid gebring
- **WIT SOOS SNEEU GEWAS!** -
- **LIED VAN PETRUS (aangepas) : Stef Bos** -
AVONDMAAL: Brood en wyn word uitgedeel
(Wag vir die instellingswoorde van die Laaste Pasga)
- **LAASTE PASGA** -
"Avondmaal" - W.E.G. Louw
- **VERRAAD BRAND SOOS 'N SOEN** -
- **'N LAASTE SMEEGEBED** -
AVONDMAAL: Koffie en Dadelblokkies


Bale dankie vir julle ondersteuning. Julle is welkom om nog te kuier!
Dankoffers sal by die deur opgeneem word.
Onthou: Bring asseblief blomme saam kerk toe vir Paasondag.

GESEENDE PAASFEES



FEEDBACK – THE LAST SUPPER – 18 APRIL 2025

Dear Dias Gemeente



Thank you for the highlight of our Easter weekend!! We really appreciated and enjoyed every moment. Thank you for a truly special evening! Doug and I were both moved, touched and just so impressed with the whole event. The production ran seamlessly and we were privileged to have ringside seats, which made it even more special! The attention to detail was evident in every aspect – the beautiful flowers, the delicious and appetising platters, the jugs of water and wine, the decor, costumes, soft lighting (we loved all the candles), and gentle, charming hostesses. What more could one ask for?

Oh yes, even the date squares were yummy! Best of all, everybody made us feel so welcome – thank you for graciously serving us.

May we wish you and those you love a blessed Easter and on Sunday we will share these words: "He is risen! He is risen indeed!"

DOUG & STELLA SWANSON
TABLE 7 (Hostesses : Linda & Ansie)



Easter time is a very special time on our Christian calendar. The Last Supper is the most important moment in the Holy week.

What a privilege it was for us to be invited to attend this very meaningful Holy event. It all started when Dalien invited us to the function and we were seated at our hostess, Suzette's, table.



On arriving we were totally in awe of the way the venue had been decorated with such attention given to detail. The ambiance was absolutely astounding. The entire evening felt like we had been transported back into Biblical times. We felt like we were sharing in the Last Supper with our Lord Jesus. All the food was like it was back in Jesus' time. The performance was so meaningful!

What an amazing evening – sharing the Last Supper with our fellow believers as our Lord did so many years ago with his disciples.

Thank you.
Bev and Michaelleen Bates



Lees gerus die artikels op bladsye 6 & 7, asook meer Avondmaal foto's op die voorblad en bladsy 2.



Francois en Elizabeth Fourie ❁ LOFSANGDIENS



Vroeër vanjaar het ons, die lidmate van Dias Oos en Dias Wes, asook ondersteuners van ons gemeenskap, gehoor van die voor-
genome besoek van Francois en Elizabeth Fourie aan ons
gemeente. Hulle sou in die plek van 'n gewone erediens by ons in
Dias Oos Gemeentesentrum optree met christelike en liefdevolle
sang. Ons gemeente is mos lief vir uitdagings en samesyn en het
gevolglik baie daarna uitgesien.

Op Moedersdag, 11 Mei 2025, het die dag van die optrede aange-
breek en het Francois en Elizabeth opgedaag. Ons het almal
gehelp met die klanktoerusting wat hulle saamgebring het.

Terwyl hulle dit uittoets, het ons baie opgewonde geraak en verbaas ook, dat hulle na al
die jare nog so mooi saamsing en professioneel optree. 'n Groot voorreg vir ons gemeente
om dit te kon beleef!



Gemeentelede en vriende het in groot getalle opgedaag.
Dit moet vermeld word dat Dias Wes se gawe mense die
geleentheid baie goed ondersteun het. Francois en
Elizabeth is deur ds. Wikus Venter voorgestel en
verwelkom, waarna ons kon luister na pragtige sang,
gevoelvolle verse en stories wat jou hart warm maak.
Hulle optrede wat 'n uur lank geduur het, het net te
vinnig verbygegaan. Dit was so mooi, dat ons nie kon
glo toe hulle die laaste lied aankondig nie. Ons is huis
toe gestuur met die pragtige lied: "God be with you" . . .

Dit was vir ons almal 'n baie aangename sangdiens tot lof en eer van God! Die Here het
Francois en Elizabeth weliswaar met wonderlike sangtalent
en aangename persoonlikhede geseën.

Die samesyn met familie in Christus van Dias Gemeente was
soos gewoonlik ook baie aangenaam — soos nog 'n steen wat
op die hoeksteen van Christus gebou is.

Ons is na die sangdiens deur die dames van ons gemeente
bederf met lekker eetgoed, koffie en tee en 'n heerlike kuier.

Mag God ons Vader en Jesus Christus, die seun van God,
met ons as gemeente wees om eendag net so mooi te kan
saamsing tot die eer van die Here, soos wat Francois en
Elizabeth dit uitgeleef het.

Thomas Louw



NG Kerk Dias bied aan:
LOFSANG SAAM MET FRANCOIS EN ELIZABETH

Hemelans
Francois & Elizabeth

Francois en Elizabeth Fourie bied op
Sondag 11 Mei 2025
09:00
'n LOFSANGDIENS aan by
NG Kerk Dias
Broadwayweg 26
Port Alfred

Die diens bestaan uit 'n verskeidenheid van
lof- en aanbiddingsliedere en samesang,
afgewissel met gevoelvolle verse, gebede en voorlesings.
Francois en Elizabeth se sangdiens het in die verlede
al soveel harte geraak – moet dit nie mis nie!
Kom nes jy is, dit is geskik vir die hele familie -
almal is welkom!
Dankoffers sal opgeneem word.





HERVORMINGSFEES - VOORUITSKOUING


Oor 'n maand of twee is dit Kersfees maar voor ons daar kom, is daar 'n paar Sondae op die Kalender wat spesiaal is in ons Kerkjaar. Een daarvan is Hervormingsondag op 26 Oktober 2025.



Vir die Protestantse kerke is dit 'n spesiale Sondag in die Kerkjaar se program, omdat dit 'n herdenking is van die historiese gebeure van 31 Oktober 1517 toe Marten Luther sy 95 stellinge as reaksie teen dwaalleringe van die heersende Roomse kerk teen die kerkdeur van Wittenberg vasgespyker het. Met die viering van Hervormingsondag gee ons ook erkenning aan die moeilike en vasberade taak van kerkhervorming wat Hervormers soos Luther, Calvyn, Zwingli, Knox en talle ander aangepak het uit die vaste oortuiging dat:



- * die Bybel sentraal staan (*Sola Sacra Scriptura*);
- * Christus ons enigste Verlosser is (*Solus Christus*);
- * God se genade ons enigste sekerheid is (*Sola Gratia*);
- * alleen geloof in Jesus Christus ons kan red, en nie goeie werke nie (*Sola Fide*); en
- * alles in ons lewe, wat ons dink, sê en doen, tot die eer van God moet wees (*Soli Deo Gloria*).



Die Heilige Augustinus is die teoloog van genade genoem, maar Luther in die besonder en sy mede-hervormers, Zwingli en Calvyn, het toegang tot hierdie genade vereenvoudig tot *genade in Christus*.

Ons dink hier dadelik aan Efésiërs 2:8 waar Paulus dit verduidelik met die woorde:

"Want uit genade is julle gered, deur die geloof,
en dit nie uit julleself nie: dit is die gawe van God ..."

Die tyd waarin ons nou leef waar verhoudings voor soveel uitdagings staan met liefdeloosheid en swak kommunikasie, onreg in gemeenskappe, eensaamheid en geweld, is die gawe van God se genade en sy Woord die enigste manier om vrede en rustigheid te vind.

Is dit nie goeie rede om die vyf solas van Hervorming te vier nie?





VOORUITSKOUINGS

Loffersondag – 2 November 2025

Alles behoort aan die Here – ons is net rentmeesters . . .

In Genesis lees ons dat God die mens geskape het en vir hom 'n opdrag gegee het: om die aarde te vul, te ontwikkel en daaroor te heers. Hierdie opdrag noem ons *rentmeesterskap*.

'n Rentmeester is iemand wat iets oppas en bestuur namens die eienaar – soos 'n plaasbestuurder wat na die plaas omsien, al behoort dit nie aan hom nie.

Vir ons beteken dit dat alles wat ons het – geld, gawes, tyd, eiendom – eintlik aan die Here behoort. Ons bestuur dit net namens Hom. Dis alles genade, alles geleen.

'n Dissipel besef: ek kan nie sê “my geld” of “my huis” nie. Alles kom uit God se hand en Hy het die laaste sê. Daarom leef ons nie vir onself nie, maar vir Hom. Alles is van Hom en tot sy eer.

'n Dissipel sal dit in sy leefwyse wys: dat hy God se goedheid met dankbaarheid bestuur en gebruik. Daarom gee ons 'n ekstra Loffer. Soli Deo Gloria!

- Wikus Venter -

KERSPEL VOORUITSKOUING 2025

Ek besef terdeë 'n mens kan jou oë nie glo as jy in Augustus al die woord Kersfees lees nie. Maar ek belowe dit is om die draai.

Hierdie nuusbrieff is die laaste een van die jaar en daarom wil ons die gemeente net graag herinner dat ons wel al so 'n klein bietjie aan die Kersspel dink, droom en beplan.

Kersfees is altyd 'n hoogtepunt op ons kerkkalender en ons as gemeente wil in hierdie tyd besin oor die groot geskenk van Jesus Christus aan die wêreld.

Die Verlosser, die Redder, die Saligmaker.

Ons wil hierdie boodskap deel met al ons gemeentelede en besoekers van regoor die land.

Ons wil almal dus graag uitnoui wat enigsins betrokke wil raak. Ons soek veral nog sterk mansstemme wat lekker saam wil sing.

Ons sien uit !!

Irma Venter

(Tel : 082 650 7600)



Kerkkantoor:

Maandag, Woensdag
en Vrydag
09:00 – 12:00
Broadwayweg 26,
Port Alfred

Telefoon: 046 624 3534

E-pos: skriba@ngkdias.co.za

WhatsApp-no: 076 370 3640

Webwerf : ngkerkdias.wixsite.com



Medewerkers aan hierdie uitgawe

Ds. Wikus Venter
Irma Venter
Logy Murray
Swanson Familie
Bates Familie
Thomas Louw

Müller Familie
Jako Bezuidenhout
Cecelia Immelman
Du Toit Familie
Die Zithulele Span
Carolina Norval

Redaksie

Esmé Bergh
Sanet Schoon
Derick Moll

Babs Meiring
Lydia du Toit





UITREIKBEDIENING – Zithulele Vennootskap

Filippense 3 : 20 – “Maar ons is burgers van die hemel, van waar af ons ook die Here Jesus Christus as Verlosser verwag.”

’n Groepie jongmense van ons Dias Gemeente het gedurende die Julie skoolvakansie weer saam met Sonai Owsley uitgereik na Zithulele VGK Kerk in die mooie ‘ou Transkei’, waar hul die plaaslike gemeente bygestaan het met ’n klompie projekte.

Die tieners deel graag hul belewenis :

Thinus Hamman ~ Ek het Zithulele geniet en is baie bly ek kon dit ervaar. Dit was so lekker, die mense was gaaf en het baie gehelp wanneer ons projekte aanpak. Hulle het vir ons heerlike kos gemaak. Ek het dit geniet om met die mense van die Zithulele gemeenskap te gesels en al die mense van die Kaap se gemeentes het ook lekker grappe gemaak en my vinnig deel laat voel van die uitreikgroep.



Jannes Hamman ~ Hierdie reis na Zithulele het my weereens gewys dat daar heeltemal ’n ander wêreld is in die rustige valleie van die Ooskus. Die isiXhosa mense het ons almal weer herinner hoe dit is om rustig en simplisties die lewe aan te pak. Dit was vir my ongewoon, maar pragtig om te sien hoe vriendelik en gasvry die mense was. Al het hulle so min, deel hulle nog met graagte. Die skoonheid van die Ooskus is asemrowend. Dit was ’n plesier om die Kapenaars te leer ken en saam te kuier. Prys die Here!

Karli Owsley ~ Ek het die mense van Zithulele baie geniet. Hulle is almal so gaaf en vriendelik, al verstaan nie almal ons taal of Engels nie. Ek het vriende gemaak met die kinders van die Wes-Kaap se gemeentes. Dit was so lekker om hulle stories te hoor en meer van hul te leer. Ek het dit geniet om soggens tyd saam met die isiXhosa-kleuters in die biblioteek te spandeer. Van prente inkleur tot boeke deurblaai, lees en verduidelik – dit was baie spesiaal om die kleuters met hul groot glimlaggies en mooi donker ogies te ervaar en beleef.

Zithulele se mense en almal in daardie omgewing lewe mooi en stadig – "hurry up and WAIT" – om alles en almal om jou in te neem en te waardeer.

Ek sien alreeds baie uit na my volgende uitreik soontoe!

↓ Jannes en sy kamera . . .



Die afvaardiging van die Zithulele Vennootskap wat deel was van die Junie / Julie 2025-uitreik.

[SIEN GERUS MEER FOTO'S OP BLADSY 19]

Karli hou stiltetyd in die natuur tydens sonsopkoms . . . ↓





KLIPFONTEIN SOPKOMBUIS

Die sopkombuis het sy ontstaan gehad in Maart 2014 met die hulp van ds. Tokkie Scheepers, dr. Mike Smuts en ds. George Kleinhans, asook Gert Immelman (wat nou al 11 jaar lank die projek bestuur). Die doel van die sopkombuis was om honger kinders van die Klipfontein-gemeenskap te voed.

Sedert die ontstaan van die sopkombuis is *Johnny Bags* in Port Elizabeth ons verskaffer van soppoeier en die *Sunshine Spar* in Kenton verskaf die brood en groente.

Tans skenk *Whitney Farm* vir ons 30 liter melk elke week wat op die plaas afgehaal moet word. *Kenton Slaghuis* skenk jaarliks aan ons bene waarvan ons die vleis afkook en die vleis in die sop meng met groente. Die gas word aangekoop by *Buco* in Kenton en Ockie Goosen gee vir ons afslag.

Drie oumas van die kerk (Innis, Nolene en Irene) het destyds elke dag vir ons die sop gekook en uitgedeel by die kerk. Op daardie stadium was ongeveer 35 kinders gevoed uit die Klipfontein-gemeenskap van Maandae tot Donderdae behalwe gedurende skoolvakansies.

Met die jaarafsluiting in 2014 het ons vir die kindertjies lekkergoedpakkies opgemaak en 'n springkasteel gehuur. Die kindertjies se blye gesiggies was onbeskryflik en het ons harte geroer, maar ongelukkig het dit net onbekostigbaar geword.

As gevolg van logistieke probleme, is die skool van Klipfontein nou ook betrek by die voeding van behoeftige kinders tydens pouse. Verskeie grade (ongeveer 40 tot 50 kinders) word daaglik gevoed. Die drie oumas wat oorgeneem het verlede jaar is Annie, Vanessa en Lydia. Anita is soms hul aflospersoon. Indien daar enige oorskot vir die dag is, word dit versprei na ander (bv. pasiënte wat in lang toue staan en wag vir mediese sorg by die kliniek).

SIEN GERUS MEER FOTO'S OP DIE AGTERBLAD

Op Madibadag en Jeugdag is brood geskenk deur *Star Bread*, *Annelize Joubert* van Boesmansriviermond het 'n ietsie geskenk en *Bilo's* het vir lemoene gesorg.

Soos elke liefdadigheidsprojek het ons ook maar groeiende behoeftes. Gedurende die wintermaande is daar baie kindertjies en bejaardes wat snags koud gaan slaap en enige hulp, hetsy dit komberse of klere is, word altyd waardeur. Die dames by Boesmansrivier VGK in Klipfontein ken elkeen se behoeftes en deel dit dienooreenkomstig uit.



Enige hulp met die afkook van die vleis van die bene af, word ook waardeur. Dit vermindert die gasverbruik by die sopkombuis en die tyd wat die oumas opoffer om vir ons die sop te kook.

Om die sop so voedsaam as moontlik te maak, wil ons graag macaroni of spaghetti by die sop voeg, maar ons begroting is beperk. Indien jy sou belangstel om donasies te maak of betrokke te raak, kontak gerus vir Gert by 082 4499 977.

Allan Marais help vir Gert, deur elke Maandag die melk saam met hom te gaan haal by Whitney Farm. Indien Allan of Gert nie beskikbaar is nie, val Ferdi Bergh gretig in om te help.

Ons is baie dankbaar vir die mense wat mildelik maandeliks geld inbetaal in die sopkombuisfonds, wat bestuur word deur die Kerkkantoor.

- Cecelia Immelman -

**Siya Sopprojek — St. David's Anglikaanse Kerk**

Deur die gemeenskap in te span, sorg die Siya Sopprojek vir voedsame maaltye wat sowat 5000 mense van ons omgewing per week kan voed. Die betaalmiddel is 'n sak gevul met herwinbare, skoon afvalmateriaal wat mense by sentrale punte in Marselle en Ekuphumleni kan inruil vir 'n sakkie voedsame sopbestanddele wat dan tuis gekook kan word. Dit beteken nie net minder mense wat honger moet gaan slaap nie, maar terselfdertyd sorg dit ook vir 'n skoner omgewing.



Aan die stuur van sake is eerwaarde Ruthell Johnson van die Anglikaanse Kerk in Boesmansriviermond. Met die hulp van sowat 50 vrywilligers het hy sy vernuf ingespan om met baie min moeite en in 'n rekordtyd elke week die maaltye te kan verpak.

Die pakkers (wat ook 'n handjievol van Dias se gemeentelede insluit), werk in spanne van so 7 tot 8 vir sowat een uur per week in 'n omskepte motorhuis. Eerwaarde Ruthell het 'n handige vervoerband ontwerp wat in 'n japtrap klaarspeel met die verpakking en verseëling van voedsame droë bestanddele — rys, pasta, lensies, soja en soppoeier.

Van 'n nederige begin drie jaar gelede, het die projek nou gegroei om die samewerking van verskeie kerke, skole, sakeondernemings, organisasies, inwoners en besoekers in te sluit. Volhoubaarheid is een van die bestanddele van die suksesresep. Al die geld wat ingesamel word, word vir die aankoop van bestanddele gebruik, wat tans sowat R10 beloop vir 'n sakkie (sopmaaltyd wat ±10 mense kan voed).

- Carolina Norval -

NS. Die uitdeel van ± 700 pakkies word op Woensdae 09:30 gedoen by die *Marselle Kerk* (oorkant die kliniek) asook by die blou *Zionist Church* in Ekuphumleni. 'n Soppakkie in ruil vir 'n sak vol herwinbare rommel. Maksimum van 5 pakkies per gesin.

As jy graag betrokke wil raak by hierdie projek, kontak gerus vir Elspeth Liebenberg Tel : 072 252 8845 vir meer inligting.





Bezuidenhout troue : 19 April 2025

troubeloftes voor God sou bevestig.

Jako skryf . . .

Ek bly my hele lewe lank al in Kenton-on-Sea, het skoolgegaan daar en later universiteit bygewoon in Grahamstad. Ek is met hart en siel 'n Albaniër (nie die Oos-Europese tipe nie – maar wel die Oos-Kaapse tipe!) en ek is gefassineer deur die geskiedenis van hierdie gebied. Vroeg in 2020 ontvang ek my doktorale graad in Geskiedenis en die toekoms het geblink!

Maar toe kom COVID 19 en al my toekomsplanne was aan flarde. Ek trek by my ouers in en het die hele inperkingstydperk by hulle gebly. In Julie 2021 gaan drink ek koffie saam met 'n pel by die *House Kitchen* en terwyl ons besig was om ons cappuccinos te geniet, kom daar hierdie pragtige meisie aangedans. Sy het 'n hele boks vol kolwyntjies in haar hande en vra of ons een wil hê. Ek kon natuurlik nie nee sê nie — veral nie vir so 'n pragtige meisie nie! Toe begin ons gesels en sy stel haarself voor as Victoria. En dis hoe ons ontmoet het!



Victoria is oorspronklik van Johannesburg, maar sy het toe op die bote gaan werk in die VSA. Haar ouers het intussen na Port Alfred verhuis en in 2021 het sy teruggekeer huis toe. Ons was aanvanklik net eers goeie vriende, maar uiteindelik blom ons vriendskap toe en word liefde. Toe ek vir Victoria vra om te trou in Desember 2023, het ons albei dadelik besluit op Boesmansriviermond se NG Kerk. Dit is immers my spirituele tuiste, waar ek die Here leer ken het. As kinders het ek en my broer ons klein bootjie Sondagskool toe gevat. Die gebou en sy herinneringe lê my baie na aan die hart. Victoria het dit onmiddellik besef toe sy die eerste keer 'n erediens saam met my bygewoon het. Sy was oortuig daarvan dat hierdie kerk die plek sou wees waar ons ons liefde en ons



Ons troudag was alles waarvan ons gedroom het – en meer! 'n Groot dankie moet gaan aan Desmaré. Sy het seker gemaak alles was perfek en net soos ons dit wou gehad het. Ons kan ook nie genoeg dankie sê aan ds. Wikus nie. Sedert die eerste ontmoeting het hy ons noukeurig deur die proses gelei. Dit was vir Victoria maar effens vreesaanjaend om in 'n Afrikaanse kerk te trou, maar ds. Wikus het haar bedenkinge vinnig laat wyk. Hy was so toegewyd dat hy selfs ingestem het om die helfte van die diens in Engels te hanteer!

Na die troudiens het ons afgestap na die rivier, waar ons trouvoertuig gewag het. Nee, dit was nie 'n kar nie ... Omdat die rivier altyd so deel was van ons gesin se lewe, het ons gedink dit sal baie gepas wees as ons ons boot gebruik as ons "troukar"!

Ons troudag was die beste dag van ons lewens – nie net omdat ons ons liefde vir mekaar kon bevestig voor die oë van God nie, maar ook omdat ons die dag kon deel met ons familie en vriende. En ons kon dit doen in 'n klein kerkie, wat nou 'n spesiale plek in albei ons harte inneem.



- Jako & Victoria Bezuidenhout -





HULDEBLYK

Fanie Venter

* 05/11/1940 — † 17/07/2025



Op 17 Julie 2025 het Fanie ons gegroet na 'n lang tydperk van ongesteldheid. Ons neem met hartseer afskeid van Fanie — 'n liefdevolle eggenoot, broer, swaer, oom, oupa, buurman, onderwyser en vriend. Hy word onthou as 'n liefdevolle en beginselvaste mens wie se wyse woorde en vriendskap diep in ons harte kom plekmaak het. Anneli was die liefde van sy lewe en sy onbaatsugtige liefde vir haar, hulle kinders en kleinkinders is volgens Anneli haar "kosbaarste herinnering".

Fanie as mens word soos volg in die volgende woorde van sy swaer, Willie, saamgevat as hy skryf Fanie was:

'n Dierbare eggenoot vir Anneli, liefdevolle vader, oupa, lojale vriend, pligsgetroue diaken en ouderling en 'n toegewyde skoolhoof. Die voorbeeld wat hy gestel het van geloof in die Here se liefde deur moeilike tye, sy integriteit, opoffering om ander by te staan, sagmoedigheid en menslikheid, bly lewend met ons. Sagkens het hy gestap deur die lewe, maar diep spore het hy in ons harte getrap ... Ons loof die Here vir sy lewe en liefde aan ons almal.

Die rol wat hy gespeel het in die lewens van baie kinders en kollegas in sy professionele loopbaan word goed beskryf deur Martin van Aardt:

'n Groot Oliehoutboom het geval. Meneer Fanie Venter het 'n geweldige invloed op honderde kinders gehad deur die jare as onderwyser ... Hy het 'n saadjie (en liefde) by hulle geplant vir menige loopbaankeuses. Vandag is daar ouditeure, aktuarisse, rekenmeesters, boekhouders, onderwysers, sekretaresses en menige ander beroepe wat hy onderrig het in rekeningkunde en tik, en deur sy uitstekende vermoë om sy vakgebied te kon deurgee, kon baie die grade BCom, BComHons en MCom agter hul name skryf. Dankie, meneer Venter, ons sal u!

Met Fanie se gedenkdiens het Jeandré se verloofde, Gabi, hulde gebring aan Uncle Fanie met die volgende woorde:

Uncle Fanie was a man of few words, but his actions always reflected the love and grace of God. He loved helping in any way he could, everywhere he went. He was the perfect role model — meek, humble, gentle and kind. It was an absolute honour to know a person like Uncle Fanie, a man with such a heart of gold.

Die redaksie van Dias Nuus se simpatie gaan uit na Anneli, Jeandré en Gabi met die hoop en gebede dat die Heer se genade groot genoeg is om hulle in hierdie moeilike tyd rustigheid en krag en bowenal vrede te gee.

- Babs Meiring -

HULDEBLYK AAN
Phillip Müller

* 13/04/1933 — † 21/06/2025

Boodskap van sy eggenote, Celia:

My liefste Maatjie

Dankie vir 'n lewe vol liefde en omgee wat ons saam met ons kinders en kleinkinders kon deel.

Boodskap van sy seun, James:

Pa was nie 'n man met grade en titels nie, maar 'n wyse man soos in die Bybel, wat agter Jesus aangetrek het. Nie met geskenke van goud, wierook of mirre nie . . . nee, met liefde en deernis vir sy mense vir wie hy lief was. Hy was 'n huweliksmaat vir my ma en 'n voorbeeld vir haar vanaf 1 Januarie 1958. Dit was 'n skoolliefde wat nooit opgehou blom het nie.

Vir my was hy 'n besonderse man en pa op soveel maniere, maar ook 'n mens wat 'n steil lewenspaadjie geken het. As ek vandag kon kies, sou ek hom elke dag aan my kant wou hê.

My ma het hom "my Maatjie" genoem. Dankie "my pa" vir 65 jaar se liefde.



Sterftes (Dias Wes): Ons Innige Meegevoel aan hierdie families.

- ♦ Phillip Lodewyk Müller *13/04/1933 – †21/06/2025
- ♦ Stephanus Philippus (Fanie) Venter *05/11/1940 – †17/07/2025

Sterftes (Dias Oos):

- ♦ Erich Johann Potgieter *08/05/1969 – †24/03/2025



Nuwe Lidmate [Slegs persone van wie attestate ontvang is] — Hartlik Welkom!

Dias Oos:

- * Melanie Nel
- * Barend Jacobus en Debra de Lange



Doop (Dias Oos)

Veels Geluk!

- ♥ Lunel Grobbelaar (gebore 13 Desember 2024) — gedoop op 15 Junie 2025

Sunelle, Louw &
Lunel Grobbelaar ↓

Doop (Dias Wes)

- ♥ Ludwig Janse van Rensburg (gebore 25 April 2024) — gedoop op 29 Desember 2024



Die Janse van Rensburg-
gesin van Boknesstrand.



- ♥ Emorie Janse van Rensburg (gebore 16 Julie 2024) — gedoop op 27 April 2025



Gerhard en Linette Janse van Rensburg (regs voor) ➡ was só bevoorreg om altwee hul seuns se kindertjies uit die Kaap hier by Dias Gemeente te kon doop:- Op 29 Desember 2024 vir Ludwig deur ds. Wikus Venter in Boknes en op 27 April 2025 vir Emorie (hul enigste kleindogtertjie) deur ds. Dirk Pansegrouw in Boesmans.



NOG GEMEËNTENUUS . . .

Naas du Toit se kinders skryf oor hom:

Naasie . . .

Hy het ons geleer dat 'n gelukkige lewe en goeie verhoudings nie vanself gebeur nie.

'n Mens moet werk daaraan, opoffer en tyd daaraan bestee. Ons het ook by hom geleer dat geloof nie 'n ingewikkelde besigheid is nie. God het ons lief en het ons gered. Ons het Hom lief en ons moet alle mense liefhê. Hy het ons geleer hoe om doelwitte te stel en dan te werk om dit te bereik (selfs al wil 'n mens nie altyd nie).

En dan natuurlik: familie is belangrik! Jy is lief vir hulle en spandeer tyd saam met hulle . . . selfs al maak hulle jou soms mal 😊. Hy deel wysheid, leer lesse en vertel stories (wat waar is en somtiges wat wel waar is, maar tog aangepas is vir dramatiese effek).

Wat 'n wonderlike voorreg om 80 jaar van kennis, ervaring, karakter en liefde te kan vier!

NS. Sy kinders noem hom van kleins af al Naasie.

NAAS VIER 80 GOEIE JARE !!



11 JULIE 2025



KUPIDO SLAAN TOE BY DIE JUKSKEIBAAN

Johan en Mariaan Viljoen se storie . . .



Verlede jaar is Mariaan (voorheen Fouché) se man en ma kort na mekaar oorlede. As teenvoeter teen eensaamheid het sy begin jukskei speel en vir Johan Viljoen gevra om vir haar skeie te maak. Hy het van sy skeie vir haar geleen en dit toe sommer vir haar gegee ook! Dit het gelei tot 'n oor-en-weer-teedrinkery. Al twee het toe reeds besef dat die koeël deur die kerk is en dat hulle die toekoms saam wil aandurf. Hulle het seker gemaak dat geen jukskeibaangras onder hulle voete groei nie!

Op Vrydag 25 April 2025 het hulle hul troubeloftes aan mekaar afgelê tydens 'n huwelikseremonie in Mariaan se huis, gelei deur ds. Wikus. Daarna het braaivleis en sjampanje natuúrlik saam met 25 gaste gevolg. Die paartjie en gaste was almal geklee in blou jeans en wit hemde en bloesies.

Na die troue het hulle op 'n uitgebreide wittebroodsreis vertrek wat Witrivier, Hoedspruit, Botswana, die Caprivi, Namibië, die Oranje-rivier en Montagu ingesluit het.

Mag julle 'n wonderlike lewe saam geniet!



- Lydia du Toit -



Naas geniet sy 80e verjaardagvieringe
saam met vriende, sy kinders, familie
en Bokkie, die pappegaai-kind !

Lekkerrrrr
Melkert !!

**DIE GEMEENTE KUIER GESELLIG SAAM RONDOM DIE KOSPOTTE
TYDENS DS. WIKUS, ZANEL EN GESIN SE 10-JAARPARTYTJIE . . .**



Baie dankie aan al die 2025
BREIPROJEK-dames vir die
pragtige breiwerk wat hierdie
winter aan die Kinderhuis in
Alexandria geskenk is.

KLIPFONTEIN SOPKOMBUIS (ARTIKEL OP P. 13)



Hulp met lees, inkleur, klanke en 'n
liefde vir boeke aankweek, word deur
die uitreikspan gedoen.

Die Bouspan help met
die span van heinings by
'n Zithulele buitepos.

ZITHULELE:
JUN / JUL 2025
Sonai, Karli,
Jannes en Thinus
reik vir 'n week uit
en help met
projekte soos
heiningspan,
kosmaak,
kinderaktiwiteite
(speel, biblioteek,
lees, Wiskunde),
hospitaalbesoek
& suigstokkies
uitdeel en die
uitdra van God se
Liefde & Woord.
Kontak vir Sonai
as jy betrokke wil
raak: 081 2110901



Sonai en Karli by
Hole in the Wall

KERKBASAAR 2025

DE HOLLANDSE TAARTJES
THEETUIN

TEETUIN 2025

De schattige Hollandse meisjes zorgen voor veel gelachen, plezier & kaperjollen en heerlijke gebakjes & taarten !



AMSTERDAM
KEUKENHOF
DELFT
VOLENDAM



VUWIGE VOORBEREIDING →



HAMBURGERSPAN

... EN DIE MANNE BRAAI →



KUIER
MUSIEK
EET !!



DIT & DAT



KINDERPRET



PLAASSTAL



Angelique en haar gesin ondersteun ons basaar jaar na jaar met groot skenkings.
← Baie dankie julle !



KERRIE & RYS



NIKS LEKKERDER AS
PANNEKOEK & BASAARPOEDING !!

